Gert Fourie

Is groter beter?

Gert en Nanette Fourie van Ekofocus konsulteer wildboere reeds sedert 1994. Hulle kan u help om die optimale benutting van u plaas te bepaal. Verder was hulle ook al by die daarstel en prosesbestuur van groter samewer-kingsreservate betrokke.
Kontak hulle gerus by 082 929 5277
of info@ekofocus.co.za.
Kyk ook *www.ekofocus.co.za.*



Het jy 'n kommersiële wildboerdery? Bied jy jou plaas as jagbestemming aan plaaslike of oorsese besoekers? Vra jouself die vraag af: *Wat bied ek my kliënte wat die ander honderde jagplaasbestemmings in Suid-Afrika nie bied nie? Is ek ook deel van die honderde, indien nie duisende wildplase nie tussen 500 ha en 1 500 ha, wat die besoekende jagter dieselfde soort fasiliteite, jagbare diere en ondervinding bied?*

Daar is verskillende benaderings – een grondeienaar sal op sy 1 500 ha-plaas 'n 500 ha-jagkamp uitspan sodat jagters die wild relatief maklik kan kry, wildgetalle beter gemanipuleer kan word en waar die jagter nie met die eienaar se persoonlike aktiwiteite inmeng nie. Ander grondeienaars sal hulle jagbare gebied vergroot deur hulle grond by 'n groter samewerkingsreservaat te laat inlyf.

Miskien sal die beste benadering wees om by die kliënt te hoor wat sy behoeftes is. Daar is natuurlik verskeie marksegmente en die grondeienaar moet eerstens besluit aan watter marksegment hy 'n produk wil lewer.

Ons vra hierdie maand enkele vrae aan jagters, grondeienaars en professionele jagters om 'n kykie op die verskillende menings te kry. Ons paneel is: Willem Botha, sakeman en plaaslike biltongjagter; Leon Meyer, professionele jagter en uitruster; en Ferdi Schoeman, grondeienaar en jagter.

Herman Jonker

W&J: Wat verkies die meeste jagters – groter of kleiner plase om op te jag? Wat bepaal of 'n jagter weer na hierdie jagbestemming sal terugkeer?

Willem: Ek het twee keer op klein wildplase gejag en sal dit nie weer doen nie. Die wild word in die jagseisoen vinniger wild geskiet en is vir seker moeiliker om te jag. Of ek na 'n jagbestemming terugkeer, hang af van die totale ondervinding, insluitend die fasiliteite (nie noodwendig luuksheid nie, maar eerder of dit werk of nie.) Verder is dit vir my belangrik om voordat ek gaan jag inligting by die eienaar of bestuurder te kry – oor die plaas, die wild, asook vorige of onlangse jagte op die plaas. Laastens is die grootte baie belangrik – hoe groter, hoe beter die ervaring.

Leon: Die buitelandse kliënte wat ek uitneem, doen behoorlike huiswerk oor Afrika. Hulle weet daar is honderde wildplase in Suid-Afrika wat dieselfde bied as die ou langsaan en dit is nie altyd wat hulle wil hê nie. Ek jag op groter plase van 7 500 ha en groter, want dit is wat die kliënt verkies – hy wil 'n ware jagervaring in 'n relatief ongerepte omgewing beleef. Op klein stukkies grond weet mens wat daar in terme van trofeediere loop, maar op 'n groot stuk grond is daar vir seker 'n verrassingselement – jy kan om die volgende draai in enigiets vasloop. Namibië is ons groot kompetisie in Afrika en die grootte van die grond is een van die redes waarom baie kliënte daar jag.

Ferdi: Ek hou daarvan om my familie saam te neem wanneer ek gaan jag. Ek wil nie graag vir drie of vier dae in die veld rondloop om 'n bokkie te skiet nie. Oor 'n naweek wil ek graag jag, asook tyd saam met my familie bestee. Om hierdie rede verkies ek 'n plaas wat nie baie groot is nie. Aan die ander kant wil mens darem ook voel die wild het 'n regverdige kans en die jag bied 'n uitdaging, dus kan die grond ook nie te klein wees nie.

Gert se kommentaar:

Groter areas: Wat maak jagbestemmings soos Namibië, Mosambiek en Zambië dikwels gewilder jagbestemmings as Suid-Afrika?

Afgesien daarvan dat dit makliker is om jagwapens na hierdie lande as na Suid-Afrika te neem, kan dit moontlik daaraan toegeskryf word dat hierdie areas die jagter wat dit wil ervaar 'n ware "Afrika-atmosfeer" en "Afrika-ondervinding" bied. 'n Gesoute oorsese jagter is baie goed ingelig aangaande die toestande, grootte van grond en hoe "eg" die ervaring is wat hier in Afrika aangebied word. Baie stel nie belang daarin om twee kilometer te ry of te stap en jagbare diere teen 'n wildheining te sien staan nie. Baie is ook sensitief vir "geblikte jagte". Om hierdie rede bied groter reservate 'n groter aantrekkingskrag vir hierdie besoekers. Indien jy as grondeienaar nie 'n groter reservaat van 3 000 en meer ha kan bekostig nie, is dit 'n opsie om 'n samewerkingsreservaat saam met jou bure te oorweeg.

Daar is verskeie voordele om deel van só 'n samewerkingsreservaat te wees:

- Die natuurlike karakter van die area in hierdie groter gebied kan gesamentlik aangebied en bemark word.
- Die gesamentlike finansiële vermoë van die grondeienaars bied beter potensiële bemarkingspogings en beter infrastruktuur soos 'n vliegveld, slagfasiliteite, asook geleentheid vir die aankoop van duurder wildspesies.
- Groter areas kan die jagter 'n beter verkeidenheid diere en selfs van die groot vyf bied.
- Gesamentlike bestuur is goedkoper – daar kan byvoorbeeld een reservaatbestuurder aangestel word in plaas van vyf bestuurders op vyf verskillende plase.
- Die groot area bied 'n Afrika-bosatmosfeer, wat nie noodwendig op kleiner, omheinde gebiede ervaar kan word nie.

Kleiner areas: Daar is baie jagters, veral Suid-Afrikaanse jagters vir wie 'n kleiner wildplaas waar hy kan jag nie 'n probleem is nie. Van die voordele van 'n kleiner area is:

- Wild kan makliker bestuur word – tellings, korrekte getalle, wild-oes of monitor.
- Dit kan optimaal bestuur word omdat rehabilitasie en bestuur van infrastruktuur goedkoper is.
- Die jagter kan dikwels jagbare wild makliker opspoor – die jagter wie se primêre doel is om 'n vinnige jagondervinding oor 'n naweek asook genoeg biltong te hê, gaan tevrede huis toe.

As jy jou plaas vir meer as net 'n naweekwegbreekplek vir jouself en jou familie wil gebruik en meer kommersieel by die wildbedryf betrokke wil raak, is dit die moeite en geld werd om 'n behoorlike benuttingsevaluasie en marksegmentering te doen.